Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

26 Oktober 2022
OB 45

Beste Ouers

Die Beheerliggaam het op 24 Oktober vir mnr. Dries du Toit gekoöpteer om op die Beheerliggaam te dien. Ons wens hom geluk en bedank hom ook vir sy gewilligheid om sy kundigheid met ons te deel.

Die afgelope naweek het die jaarlikse *The Hills Challenge* te Doringlaagte plaasgevind. Baie dankie aan Jim en Ronel Kriel wie elke jaar hul pragtige perseel en fasiliteite aan ons beskikbaar stel. Dit was weereens 'n uitstekende dag met 'n lekker 'vibe' onder die deelnemers en besoekers.

Die aanbied van so 'n dag vra baie handewerk en ek bedank graag almal wat die skool gehelp het om die dag aan te bied. Ons stuur ook bedankingsbriewe na individuele persone en instansies wat as borge opgetree het en sal hulle ook op sosiale media blootstelling gee.

Ek begin by alle deelnemers – so 'n dag kan nie plaasvind sonder deelnemers nie. Die pretloop het 'n groot aantal mense gelok; dankie ook vir die lekker gees wat daar geheers het. Ons personeel: dankie vir die hulp en ondersteuning vooraf en Saterdag tydens die byeenkoms. Dankie in besonder aan Annie Wigmore vir al die administrasie en koördinering van die reëlings. Ek bedank graag Montagu Mania Events, waar Hannes Gous die leiding geneem het om die roetes te merk, tesame met al die verantwoordelikhede om so 'n dag te reël. Dankie vir al die tyd daaraan spandeer. Ons beheerliggaam onder leiding van Pieter Stemmet het 'n groot rol gespeel - dankie vir elkeen se aandeel. Ek sonder hier graag vir Lizanne van Eeden uit vir al die reëlings insake die kosstalletjies op die dag. Dankie aan al die ouers wat ook hiermee gehelp het. Daar is foto's op Facebook beskikbaar en daar sal ook foto's op The Hills se webblad wees.

Ons kan hierdie week bekend maak dat me. Isabel Zachariasse aan die einde van die jaar aftree. Die SBL het vir me. Lizenke Carstens in die pos aangestel. Me. Marlene Brits tree ook af aan die einde van die jaar. Die biblioteekpos word binnekort geadverteer. Ons sal hierdie twee staatmakers beslis mis.

So tussen al die aktiwiteite kom die eksamen vinnig nader en ek vra weereens dat ons leerders die volgende paar weke sal fokus op hul skoolwerk.

Alles van die beste vir die komende week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
Montagu SPAR
023-61 43080
goed vir jou

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 26 Okt	IF Kultuurmiddag (14h30) o. 13 Krieketwedstryd: 2 Montie spanne (tuis)
Donderdag, 27 Okt	Tennis vs Ashton (weg)
Vrydag, 28 Okt	Bredasdorp Atletiek Ope Entrepreneurs
Woensdag, 2 Nov	Werksafbakening na ouers o. 13 Krieket vs Bonnievale (weg)
Donderdag, 3 Nov	Laaste sportoefening
Vrydag, 4 Nov	GF Boeke huis toe Gr. R Kuierdag Idiomedag – Biblioteek Entrepreneurs (Prefekte)
Saterdag, 5 Nov	Mini Krieketdag (Hexvallei) o. 13 Krieket vs Caledon (weg)

Personeel verjaarsdae

Madelene Victor: 26 Oktober

IF Kultuurmiddag

Woensdag, 26 Oktober 2022 om 14:30 is dit weer tyd vir die Intermediêre Kultuurmiddag. Hierdie geleentheid is spesifiek vir gr. 4 – 6 en word in ons skoolsaal aangebied.

Laerskool Robertson en Laerskool Ashton is die besoekende skole. Kom gerus en luister na die kore en redenaarstoesprake.

THE HILLS CHALLENGE

Welgedaan aan al die fikse Monties wie Saterdag aan *The Hills Challenge* deelgeneem het – julle maak ons trots!

Baie geluk aan die volgende leerders wat podium-posisies behaal het:

"Nipper" Seuns 12km MTB
John van Deventer: 1ste
Sion Stemmet: 2de
Steyn Stemmet: 3de

"Nipper" Dogters 12km MTB
Suna Bussell: 2de

Mans 12km MTB
Jacobus Theron: 2de
Luka Southey: 3de

Dames 12km MTB
Mieke Joubert: 2de

IDIOME DAG!

Alle gr. 1 -7 leerders neem kennis!

Ons hou op Vrydag, 4 November 'n Idiome Dag!
Span jou kreatiwiteit in en kom stel 'n idioom voor.

Deelname is gratis en vrywillig.
Skryf in by jou klasonderwyser teen Vrydag, 28 Oktober, indien jy gaan deelneem.

Leerders wat nie deelneem nie, kom in hulle skoolklere.

Gr. R Kuierdag

Vrydag, 4 November kom 2023 se Gr. I's by ons kuier. Ons is baie opgewonde om hulle te sien.
Hulle gaan die skool verken sodat die eerste dag van volgende jaar nie so vreemd is nie.
Daar word lekker aktiwiteite beplan vir die dag.
Ons kan nie wag om hulle te ontmoet nie.

TENNIS

Ons tennisspan het op Donderdag, 20 Oktober teen Bonnievale gespeel.
Beide seuns en dogters het alle wedstryde (enkels en dubbels) gewen.
Wel gedaan Monties! Ons is trots op julle.

MINI-KRIEKET

Uitslae: Bonnievale Sportdag

o. 7A	Wen 2, verloor 1
o. 8A	Wen 1, verloor 1
o. 9A	Wen 1, verloor 1

KRIEKET

o.11 Krieket

Die o. 11 Krieketspan het Maandag, 17 Oktober 'n vriendskaplike wedstryd teen Laerskool Robertson gespeel. Ongelukkig verloor hulle met 90 lopies.

Spelers van die wedstryd: Brian Stuart en Christian van Eeden.

o.13 Krieket

Die o. 13 Krieketspan het op Woensdag, 19 Oktober 'n baie goeie wedstryd teen Laerskool Robertson gespeel. Monties kry 90 lopies in 20 beurte en Robertson 60 lopies.

Beste kolwers: Philip Fourie (12) en Raydon Williams (36).
Beste boulers: Timothy Saunders en Christian Hartman met 3 paaltjies elk.

Baie geluk!

THE HILLS CHALLENGE

Baie geluk aan Me Sylnet Swanepoel wat die naweek by Sanbona ter waarde van R28 000 gewen het tydens die trekking van lootjievorms by *The Hills Challenge*.

Dankie vir almal se ondersteuning van die lootjie verkope.

Ons het ook groot waardering vir Sanbona vir die skenk van die naweek.